## DIE SESDE SKOOLHOOF
## MENEER CHRISTIAAN KLOPPER: JANUARIE 2012

Mylpale is maatstawe waaraan sukses gemeet kan word. Met die Hoërskool Strand se volgende mylpaal, sy vyftigste bestaansjaar, word ons nuwe skoolhoof, mnr. Christiaan Klopper aan die begin van 2012 met groot opgewondenheid verwelkom.

Hy was vanaf 1992 verbonde aan Paul Roos Gimnasium in Stellenbosch waar hy vakhoof van Rekeningkunde tot 2007 was en later vakhoof van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. In 1997 word hy tot departementshoof bevorder en in Januarie 2008 word hy as adjunkrektor (senior fase) aangestel.

Mnr. Klopper word wyd gereken as iemand met visie en 'n werksetiek wat getuig van 'n leier wat bereid is om meer as net die gewone te doen.

Hy stel dit baie duidelik dat dit 'n skool se primêre taak is om onderrig en leer te laat plaasvind in 'n omgewing waar die personeel en leerders gelukkig moet wees.

Vir dié gesoute onderwysman gaan dit daaroor dat die skoolgemeenskap saam met die skool daarna moet streef om van die skool 'n plek te maak waar daar 'n goeie werksingesteldheid is en goeie verhoudings dit moontlik maak dat die skool op verskeie terreine kan presteer.

Mnr. Klopper het reeds duidelik getoon dat hy jongmense wat waarde kan toevoeg tot die gemeenskap waarin hulle leef, wil ontwikkel. Om van waarde te wees moet 'n mens doen wat reg is: “Miskien is dit tyd dat ons as volwassenes, ons as ouers, ons as skool en ons as leerders begin doen wat reg is. Miskien is dit ook tyd dat ons begin opstaan vir dit wat ons weet reg is. Ons moet doen wat reg, billik en regverdig is.”

Miskien is dit die gemotiveerde trek op sy gesig, as hy oor die jeug praat, wat jou oortuig dat die Hoërskool Strand beslis die regte hoof aangestel het. Miskien is dit sy netjiese houding en onberispelike voorkoms wat jou finaal laat besef dat jy te doen het met 'n man wat weet wat hy vir die jeug wil hê: afgeronde, netjiese, hoflike, verantwoordelike en selfstandige persone.

Ons sien met verwagting uit na 'n volgende fase in ons skool se geskiedenis, waarin die potensiaal van ons leerders onder mnr. Klopper se visioenêre en doelgerigte leierskap verder ontwikkel gaan word en waarin die Hoërskool Strand verder sal bou op sy trotse geskiedenis.